STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

**NOTULE**

**BLUE RIDGE HEV (101)**

**NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 1 DESEMBER 2021 OM 08H00 PER ZOOM**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | **Konstituering** | | |
| | | | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | | |
| | | | |
| **2** | **Opening** | | |
| | | | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | | **GG** |
| | | | |
| **3** | **Verwelkoming** | | |
| | | | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. Spesiale vewelkoming aan Mev Lydia Potgieter, nuut op die Komitee. | | **GG** |
| | | | |
| **4** | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | | |
| | | | |
| | Teenwoordig:<br>Mnr G Germishuizen – Voorsitter<br>Mnr L Neveling<br>Mev L Potgieter<br>Mev L Stevens<br>Mev R van Huyssteen<br><br>Mev R Moore (Status Mark)<br><br>**Verskoning:**<br>geen | | <br>**GG**<br>**LN**<br>**LP**<br>**LS**<br>**RvH**<br><br>**SM** |
| | | | |
| **5** | **Mosies van lief en leed** | | |
| | | | |
| | Geen items nie. | | |
| | | | |
| **6** | **Goedkeuring van vorige notule: 3 November 2021** | | |
| | | | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. | | **KOMITEE** |
| | | | |
| **7** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | | |
| | | | |
| | **7.1** | **Brandtoerusting** | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | R van Huyssteen het 'n advertensie geplaas en bevestig dat daar geen belangstelling so ver ontvang is nie. | **STAAN OOR** |
| | | | |
| | **7.2** | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | | |
| | | L Neveling het die aangeleentheid met Pro-Plan opgeneem maar hul weier om planne vir hom te gee. Die Voorsitter sal Pro-plan in kennis stel dat L Neveling die planne gaan afhaal. Terugvoering in die verband sal by die volgende vergadering gegee word. | **LN/GG** |
| | | | |
| | **7.3** | **Bouregulasies - hersien** | |
| | | | |
| | | Die bouregulasies asook die kontrakteursooreenkoms is finaal hersien. Die item kan van die agenda afgehaal word. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| | **7.4** | **CCTV Kameras oorname** | |
| | | | |
| | | Die aangeleentheid is nog in proses. Staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | | | |
| | **7.5** | **Toegangsbeheer opsies** | |
| | | | |
| | | Daar is nog geen oplossings gevind nie, verdere ondersoek sal gedoen word. Status Mark word versoek om te bevestig in terme van die POPI wetgewing watter inligting versoek kan word van persone wat die perseel wil betree. | **KOMITEE**<br>**SM** |
| | | | |
| | **7.6** | **Uitheemse plantegroei – gemeenskaplike eiendom** | |
| | | | |
| | | L Potgieter sal Danabaai Kwekery vra om te kyk na uitheemse plantegroei op Blue Ridge. | **LP** |
| | | | |
| | **7.7** | **Tender – huur van motorhuis** | |
| | | | |
| | | Tenders het gesluit op 30 November 2021. Geen terugvoering is ontvang nie behalwe 'n versoek van Ds Haumann om eerste opsie te kry op die huur van die motorhuis.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat die Komitee goedkeuring aan Ds Haumann verleen om die motorhuis te huur teen R900 per maand vanaf 1/1/2022.<br>2. Dat 'n huurkontrak aan Ds Haumann gestuur word vir ondertekening.<br>3. Dat die 2de motorhuis nie op korttermyn verhuur word nie.<br>4. Status Mark moet 'n skrywe aan Mnr Koegelenberg rig om te versoek dat die afstandbeheer vir die motorhuis wat hy gehuur het by enige Komitee lid in te dien. | <br><br><br><br>**KOMITEE**<br><br>**SM**<br><br>**KOMITEE**<br>**SM** |
| | | | |
| | **7.8** | **Bulk watermeter** | |
| | | | |
| | | L Neveling bevestig dat daar steeds 'n verskil in watergebruik is tussen die bulkmeter en individuele meters. Terugvoering van die munisipaliteit is ontvang waarin versoek word dat waterlesings in die aande om 22h00 en in die oggende om 8h00 geneem word om te bepaal hoeveel verbruik deur die meter is gedurende hierdie tyd. R & A van Huyssteen sal die lesings in die aande neem en L Neveling sal die lesings in die oggende neem | **RvH/LN** |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **8** | **Versekering** | | |
| | Onderskrywer – Hollard<br>Makelaar – Insure Makelaars<br>Gemeenskaplike eiendom – R1 747 698.00<br>Gemeenregtelike aanspreeklikheid –R1 000 000.00<br>Sambreel aanspreeklikheid – R20 000 000.00<br>Premie per maand – R793.82<br><br>Die versekering bly onveranderd. | | |
| **9** | **Finansies** | | |
| | **9.1** | **Bestuurstate – November 2021** | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. R van Huyssteen rig 'n versoek dat die vergaderings na maandeinde gehou word om sodoende genoeg tyd te gee om die bestuurstate na maandeinde beskikbaar te hê.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat die Komitee vergaderings op die 3de werksdag na maandeinde gehou sal word. | **KOMITEE**<br><br><br><br><br>**KOMITEE** |
| | **9.2** | **Bank balanse** | |
| | | Die bank balanse soos op 30 November 2021 as volg:<br><br>Tjek rekening – R33 243.63<br>Reserwe fonds – R893 628.18<br>Kleinkas – R6 689.85<br>MINUS:<br>Vooruitontvangde heffings R72 092.46<br>Bou deposito – R40 084.44<br>TOTAAL = R821 384.76 | |
| | **9.3** | **Uitstaande heffings** | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R16 020.23. Daar is 7 eienaars tans uitstaande. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. | **SM** |
| **10** | **Argitektonies** | | |
| | **10.1** | **Skrywe aan boukontrakteurs** | |
| | | Status Mark word versoek om 'n skrywe aan alle boukontrakteurs te rig om hul in kennis te stel dat die bou periode sluit op 15 Desember 2021 waarby die volgende vereistes nagekom moet word:<br>• Alle persele moet netjies toegemaak wees volgens die standaarde van die HEV.<br>• Bord met "geen toegang" en kontak nommer vir persoon wat gekontak kan word moet op die bouperseel aangebring word.<br>Indien geen gehoor gegee word aan bogenoemde vereistes nie, sal 'n boete op die heffingsrekening gehef word. | **SM** |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 | **Sekuriteit** | | |
| | Soos bespreek onder punt 7.4 | | |
| 12 | **Infrastruktuur** | | |
| | Geen items vir bespreking nie. | | |
| 13 | **Instandhouding & tuine** | | |
| | L Potgieter sal die Portefeulje van instandhouding en tuine behartig. | | LP |
| 14 | **Personeel** | | |
| | **14.1** | **Permanente burgerskap & ID van werker** | STAAN OOR |
| | | Die item staan oor. | |
| | **14.2** | **Killer - bonus** | |
| | | Die Komitee gee eenparig goedkeuring vir 13de tjek as bonus aan die werker. Die bonus sal op 15 Desember 2021 uitbetaal word. | KOMITEE<br>SM |
| 15 | **Algemeen** | | |
| | **15.1** | **Tye vir tuinwerkers & huiswerkers** | |
| | | Die Voorsitter bevestig dat die werker, Killer vanaf 17h30 nie meer op die perseel mag wees nie. Werkstye vir tuinwerkers en huiswerkers moet ook in die gedragsreëls vervat word. | KOMITEE |
| | **15.2** | **Goedkeuring van nuwe Grondwet** | |
| | | Met ontvangs van die laaste stembrief sal 'n kennisgewing aan eienaars gesirkuleer word om uitslag te gee oor die stemming op die gewysigde Grondwet. Die Grondwet sal ook aan die munisipaliteit en Ombudsman gestuur word. | RvH<br>SM |
| 16 | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | Woensdag 5 Januarie 2022 om 9h00 | | |
| 17 | **Afsluiting** | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 9h42 af.<br><br>[signature] ............ Goedgekeur     8/12/21 ............ Datum | | |


**Trustees (7):**

| | | |
|---|---|---|
| Gerrie Germishuizen | 083 413 5440 | germishg@gmail.com |
| Leon Neveling | 072 636 8222 | leonneveling3@gmail.com |
| Lydia Potgieter | 082 976 9423 | potgieterel@absamail.co.za |
| Louise Stevens | 083 294 1561 | louise6071@gmail.com |
| Reinet van Huyssteen | 081 347 8126 | reinetvh@telkomsa.net |


Datum uitgestuur: 2/12/2021